NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Etiekkode

As ŉ lid van die Noordwes-Universiteit onderskryf ek die visie en missie van die Universiteit en die waardes wat die Universiteit voorstaan. Ek verbind my dus, in alles wat ek doen:

- Om menswaardigheid te handhaaf, om die volle potensiaal van andere en myself te ontwikkel, en om akkuraatheid, eerlikheid, waarheidsliewendheid, betroubaarheid en lojaliteit teenoor die Universiteit en alle mense te beoefen en te bevorder;
- Om te soek na dit wat reg en regverdig is soos gesien vanuit die perspektief van die liefde van God en my liefde vir my naaste, deur waardering vir andere te toon, deur openhartig te wees oor my eie voorveronderstellings, deur empatie te beoefen, en deur onpartydig te wees.
- Om almal se vryheid van inperkings te handhaaf, wat slegs beperk word deur my plig om ander se vryhede te beskerm en deur my verbintenis om die bogenoemde waardes uit te leef en uit te bou.
- Om selfdissipline, geduld en verdraagsaamheid te betoon teenoor standpunte wat van myne verskil, in ŉ gees van vreedsame naasbestaan, ten einde intellektuele en persoonlike groei te stimuleer.
- Om almal se potensiaal te erken en waardering te betoon vir die waarde van almal met wie ek te doen kry, en om in te sien hoe hulle tot groei kan bydra.
- Om my intellektuele en persoonlike integriteit, bevoegdheid, professionalisme en ander hulpbronne daaraan te wy om voortreflike uitkomste te bereik.
- Om my verworwe kundigheid oor die algemeen en dié op my spesialiseringsgebiede aan te wend om konstruktiewe verandering in die gemeenskap en die omgewing teweeg te bring terwyl ek my eie kapasiteit om selfs meer tot positiewe groei by te dra, verdiep en verbreed.
- Om intellektuele outonomie en kritiese denke te bevorder deur die handhawing en beskerming van die vryheid en verantwoordelikheid van individue en die Universiteit om sonder arbitrêre inmenging debat te voer, onderrig te gee en navorsing te doen.
- Om hoë verwagtinge van die Raad en Bestuur van die Universiteit te koester om die waardigheid van studente en personeel gestand te doen en ŉ volhoubare leer- en werksomgewing vir almal te skep.
- Om my te weerhou van enige botsing van belange wat nadelig is vir my verhouding met die Universiteit, en om sodanige belange of botsing ten opsigte van my diens, fidusiêre pligte, interaksie met kollegas en enige ander faset van my verantwoordelikhede te verklaar.